# Gesels saam

GRAAD 7-10

## WELKOM

Sit ’n papierbord in die middel van die groep neer. Vat ’n buisie tandepasta en druk ’n streep tandepasta op die bord uit. Vra vir die jongmense wie wil probeer om die tandepasta terug in die buisie te kry.

Gesels saam:

- Het jy al ooit gesien dat iemand iets probeer regmaak of wegsteek het, wat die situasie eintlik ’n groter gemors gemaak het? Deel dit met die groep.

Vandag gesels ons oor die bekende verhaal van Adam en Eva in die tuin van Eden. ’n Verhaal waar die mense ’n fout gemaak en dit probeer wegsteek het. Ten spyte van die mense se fout, is God steeds lief vir mense en bring Hy herstel waar ons dinge stukkend maak.

## WONDER

Lees Genesis 3:1-24 saam.

Gesels saam:

- Hoe dink julle het Adam en Eva gevoel nadat hulle van die vrugte geëet het en gehoor het God roep hulle?
- Ons lees in Genesis 3:16-23 van die implikasies van Adam en Eva se besluit. Die aarde is daardeur vervloek en swaarkry is die mense se voorland. God stuur hulle uit die tuin, maar Hy begin ook met ’n herstelplan. Hoekom doen God dit?
- Wat leer julle uit die verhaal oor ons eie foute en sonde?

## WEES

Gee vir elke jongmens ’n afskrif van die hulpmiddel “Die drie apies”.

Gesels saam:

- Het julle al hierdie drie apies gesien? Wat beteken dit?
- **Hoor geen kwaad:** Eva het na die slang se leuen geluister. Wat sou gebeur het as sy dit nie gehoor het nie?
- **Sien geen kwaad:** Eva het na die vrugte gekyk en dit het mooi gelyk. Hoe het dit haar besluit beïnvloed?
- **Praat geen kwaad:** Adam en Eva het weggekruip en wou nie vir God sê wat hulle gedoen het nie. Wat

het dit aan hulle verhouding met God gedoen?

Laat elkeen dan op hulle eie by die apies skryf:

- **Hoor geen kwaad:** Wat het jy vandag vir die eerste keer in hierdie verhaal gehoor?
- **Sien geen kwaad:** Watter foute of sonde sien jy in jou lewe raak?
- **Praat geen kwaad:** Wat wil jy vir God hieroor sê?

Wanneer almal klaar is, kan hulle die volgende neerskryf oor wat God vir hulle hieroor wil sê: *My liefde vir jou is groter as al jou foute.*

## WEGSTUUR

Sit hierdie prent van die apies op 'n plek waar jy dit gereeld sal sien.